

Ek het onlangs die verhaaltjie oor die radio gehoor van twee mense wat sit en gesels . Een vra vir die ander hoe hy dink die jaar wat voorlê gaan lyk? Die ander antwoord: “Ek weet nie wat in die jaar gaan gebeur nie, maar wat ek wel weet is dat my lewe vol blomme gaan wees.” Die eerste persoon vra: “Hoe weet jy dat jou lewe vol blomme gaan wees?” Die tweede persoon antwoord: “Want ek het blomme geplant.”

Wil jy ‘n jaar vol blomme hê? Gaan plant blomme en versorg hul mooi. Dit is van toepassing op alle terreine van jou lewe.

Die plant van blomme in ons geestelike lewens begin by God se liefde vir ons en ons liefde vir Hom in ‘n lewende geloofsverhouding. Ek wil dat ons nou gesels oor hierdie geloof en ek wil julle versoek om jul geloofstories met mekaar te deel.

Ek gaan gesels oor twee vrae: Wat is geloof (gaan lees in Heb 11 hiervan) en wat glo jy?

Wat is geloof?

Vraag 21 van die Heidelbergse Kategismus vra: “Wat is 'n ware geloof?”

Die antwoord is: “'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.”

In my eenvoudiger taal beskryf ek geloof met kop, hart, hand.

Kop is kennis van God en sy beloftes wat vasstaan.

Hart is vertroue. Dit is ‘n oorgawe aan die Here. Dit is ‘n persoonlike lewende verhouding met God. Die fout wat ons egter maak is dat baie van ons se geloof hier stop. Solank ons net ons hart, of eerder ons lewens, aan die Here gegee het.

Geloof is ook ‘n hand ding. Dit ‘n nuwe manier van lewe. Die sigbare deel van geloof is om te doen wat God sê.

Dit is geloof, maar wat glo ons? Dit is ‘n belangrike vraag hier aan die begin van ‘n nuwe jaar, want die inhoud van ons geloof bepaal die kwaliteit van ons lewens.

Wat ons glo word onder andere saamgevat in die Apostoliese geloofsbelydenis, wat ons ook ken as die 12 Artikels.

In die vroeë kerk was Bybels nie algemeen beskikbaar nie. Hierdie geloofsbelydenis was ‘n kort samevatting van die goeie nuus van die Bybel in 12 hoofpunte. Dit was die een vlag waaronder die kerk beweeg het. Die kompas wat die kerk gerig het.

**Ek wil jou uitnoui om jou geloof nou te bely in die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Ek nommer die 12 Artikels:**

Ek glo in:

1. **God die Vader**
2. **Jesus Christus**
3. **Gebore** – Ontvang van Heilige Gees/Gebore uit maagd Maria
4. **Gesterf** – Gely / Gekruising / Gesterf / Begrawe / Ter helle neergedaal

5. **Opgestaan**
6. **Opgevaar**
7. **Oordeel**

8. **Heilige Gees**

Ek glo aan:

9. **Kerk**
10. **Vergewing van sondes**
11. **Opstanding**
12. **Ewige lewe**

Ons begin die geloofsbelydenis met: Ek glo in... Ek glo in Iemand. Ek glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

Ek sê weer dat dit nie help dat ek die goed net my kop weet nie. Dit is 'n hartsaak – ek moet my lewe hoe langer, hoe meer oorgee aan die Vader, Seun en Heilige Gees. En ek moet my geloof gehoorsaam gaan uitleef

Ek weet nie van jou nie, maar ek vang myself dat ek nie baie anders dink en leef as iemand wat nie die Here ken en dien nie. Ek het dieselfde vrese en onsekerhede as 'n ongelowige en dit kan tog nie in geloof nie.

Geloof maak nie die lewe krisisvry nie. Dit maak my nie siekte- en doodbestand nie. Dit maak my nie beter as enige ander mens nie, maar dit maak my anders.

Ons weet, ons glo, ons leef anders want ons bely:

**1. Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.**

Glo jy nog in hierdie God wat ook vir jou 'n Vader is?

Soos 'n groot deel van 'n goeie vader se lewe om sy kinders draai, so draai God se lewe om jou en my redding! Ons lees in in Joh 3:16+17: <sup>16</sup>“God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. <sup>17</sup>God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.” Hy wil dat die wêreld gered word. Hy is ook die Almagtige. Met 'n paar woorde het Hy die ganse heelal uit niks geskep.

Ek glo in Jesus Christus. Hy staan sentraal in ons geloofsbelydenis. 6 Artikels of hoofpunte van dit wat ons glo, gaan oor Homen dit is reg so.

In Hand 4:12 getuig Petrus vol van die Heilige Gees dat dit inderdaad oor Jesus gaan: “Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.”

**2. ek glo in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;**

Ons is soveel meer bevoorreg as die Ou Testamentiese gelowiges na wie verwys word in Hebreërs 11. Nie een persoon hier genoem, het God se belofte van Jesus Christus sien waar word nie.

Vandag is 'n groot klomp mense alewig opsoek na wondertekens en -werke. Ek verstaan nie waarom nie. In my en jou verlede staan die grootste wonderteken, die waarword van God se grootste belofte. Dit is die leë kruis van Jesus Christus. Dit behoort vir ons soveel makliker te wees om te glo as vir die mense van die Ou Testament.

Want Jesus Christus het in ons plek kom sterf vir ons sonde.

Hy is verneder, Hy het mens geword soos ons.

3. Hy is gebore - wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
4. Hy het gesterf - gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gesterf en begrawe en ter helle neergedaal het;

Maar Jesus is ook verhoog.

5. Hy het opgestaan - wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
6. Hy het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
  - In die hemel behartig Hy ons saak, Hy tree vir ons in by God, Hy regeer en Hy maak vir ons plek reg.
  - en Hy kom weer
7. Hy kom weer om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het

Jesus het ons sonde oorwin. Ons is nie langer slawe van sonde nie.

Hy het opgestaan. Hy leef en ons leef saam met Hom. Die Here maak ons meer as oorwinnaars oor sonde en dood. Leef jy vandag hierdie oorwinnaarslewe in Christus? Dit word moontlik gemaak deur die Heilig Gees van wie ons bely:

#### **8. Ek glo in die Heilige Gees.**

Ons sou lank oor die Heilige Gees kan praat, maar ek volstaan met die waarheid dat die Heilige Gees in ons geloof en geloofsekerheid werk. Die Gees werk in ons die negevoudige vrug waarvan ons lees in Gal 5:22. Die Gees maak ons getuies. Die Gees vul ons met krag, liefde en selfbeheersing.

**Ek glo ook aan of ek deel aan die vrug van die werk van die Vader, Seun en Heilige Gees. Kom ons kyk baie kortliks na die laaste 4 hoofpunte van dit wat ons glo. En bly jouself afvra: "Hoe maak die dinge wat ek glo, dat ek vandag anders lewe?"**

#### **9. ek glo aan die kerk** - 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

Elkeen van ons is kerk. Ons het mekaar nodig en die wêreld het ons nodig. Bill Hybels sê: "Die plaaslike kerk is die hoop van die wêreld." Daarmee bedoel hy dat Christus die hoop van die wêreld is en omdat Hy in en deur ons leef, kan ons nie anders as omsy hoop uit te dra na die wêreld nie.

Elkeen van ons as kerk van die Here is vandag hier by ons huis, werk en in die wêreld blomme van hoop te plant.

#### **10. ek glo aan die vergewing van sondes;**

Dit is hartseer hoeveel gelowiges hulself steeds beskryf as: "sondige mensies." Daar is 'n reuse verskil tussen 'n verlore sondaar en 'n verlose sondaar. Ja ons almal is nog in stryd teen sonde, maar ons is, deur die genade van die Here, verlose sondaars. Ons is sy nuwe mense.

En in 1 Joh 1:9 ontvang ons die versekering: "Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid." Bely jou sonde, Hy wil dit vergewe en jou lewe skoon was.

#### **11. ek glo aan die opstanding van die vlees 12. en 'n ewige lewe.**

Ons moet nie ons lewens laat beperk deur die groot aantal sterftes rondom ons nie.

Ons kan so fokus so op verlies en dood dat ons vergeet dat daar meer is. Die dood het nie die laaste sê in ons lewens nie. Ons deel in die nuwe lewe in Jesus Christus en ons is oppad na die ewige lewe saam met Hom.

Behalwe vir blomme, weet nie een van ons wat 2021 gaan inhou nie, maar ons toekoms is seker. Ons weet wat op ons as kinders van die Here wag. Ons sien met verlange uit na die dag waarop Hy vir ons kom haal. Vanuit dit wat ons glo, sien ons nie net kans vir die toekoms nie, ons sien uit na die toekoms.

Ons sluit af deur weer ons geloof te bely. Oordink dit, glo dit, vier dit en gaan leef dit uit!  
Amen

### **APOSTOLIESE GELOFSBELYDENIS / 12 ARTIKELS**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,

gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk,

die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.